There are, however, sides of Stellenbosch you do not see in travel brochures or on university web pages. It is not necessarily a bad side; simply not always a picturesque one. *Die Matie* photographers set out to capture images of this other side of Stellenbosch. This is what they found interesting...



PEPFAR Fellowship Programme APPLY NOW!

The President's Emergency Plan for AIDS Relief (PEPFAR) Fellowship Programme offers an exciting opportunity for masters' level students and graduates to be placed with HIV and AIDS service organizations (PEPFAR Partners) within South Africa.

PROGRAMME OBJECTIVES

To support the expansion of access to comprehensive HIV and AIDS care in South Africa through the advancement of human capacity development.

To promote the application of postgraduate learning in the practical HIV and AIDS service environment.

To provide technical assistance to PEPFAR implementing partners

Salaried positions available through-out South Africa with a focus on scarce skills such as:

- * Monitoring and evaluation
- * Project management
- * HMIS development and support including IT
- * Clinical posts related to HIV prevention, ARV treatment and TB patient management
- * Psycho-social assessment tool development
- * HIV in the workplace programme implementation
- * HIV prevention integration and orphans & vulnerable children (OVC) support services.

For more information please contact:

Dr Anna-Marie Radloff
 HOD: PEPFAR Fellowship Programme
 Tel: +27 12 816 9000 / 9088
 Fax: +27 086 567 0289
 E-mail: fellowship@foundation.co.za

Or visit our website for your online application:
www.fellowship.foundation.co.za

Funded by:

Coordinated by:




PEPFAR was made possible through support provided by the US Agency for International Development/South Africa under the terms of Award No 674-A-00-04-00025-00025-00.

'n Legende deur ander mense

KOOT KOTZE

narkotiseur in 1984.
 Van der Merwe is egter nie 'n mens wat op sy louere rus nie. In 1987 het hy 'n pos as lektor by Leicester Universiteit in Engeland aanvaar. Hy het hier vir twee jaar gepraaktiseer en doseer. Patrioties vir sy land het hy terug na Suid-Afrika gekeer om 'n pos as medeprofessor in narkose by die US te aanvaar, "want Suid-Afrika bly steeds die mooiste," sê hy.
 Hy is in 1994 in die posisie van vicedekaan van die destydse Fakulteit Geneeskunde aangestel.
 Na die afsterwe van die toenmalige dekaan, prof. Du Toit, het hy ook vir 'n periode in 1995 as dekaan waargeneem.
 Sy kliniese- en studenteblootstelling gedurende sy loopbaan staan vir Van der Merwe uit. Die verwerwing van sy doktorsgraad in 2000 het ook baie vir hom beteken.
 Met die samesmelting van die voorheen onafhanklike Fakulteite van Geneeskunde en Tandheelkunde op die Tygerbergkampus het die Fakulteit Gesondheidswetenskappe, soos dit steeds vadag genoem word, ontstaan. In Januarie 2001 is Van der Merwe as die eerste Dekaan van die FGW aangestel.
 Dit is egter duidelik dat Van der Merwe se wêreld en belangstellings veel breër as die mediese veld strek.
 Hy en sy vrou, Carina, is in 1976 getroud. Hulle het drie kinders saam, naamlik Celia, wat tans remediërende onderwys in Engeland gee, Johann, wat hierdie jaar sy MB, ChB graad



aan die US voltooi en Lynette, wat nou eerstejaar Dieëtkunde op Tygerberg studeer.
 Van der Merwe is 'n sportliefhebber en het op skool en universiteit aan atletiek sowel as aan eerste-liga Rugby en Krieket deelgeneem. Verder geniet hy muurbal, golf, draf en om sport te kyk. Hy en sy vrou stap gereeld en in sy spaartyd is hy 'n wyn- en fotografie entoesias.
 Van der Merwe beskou die studente op kampus as sy hoofprioriteit. Hy het in die 17 jaar van sy betrokkenheid by fakulteitsbestuur dit een van sy doelwitte gemaak om studenteverteenwoordiging op bestuursvlak te bevorder. Sy hervormings is al deur sommiges as "rewolusionêr"

beskou, maar hy bewys homself as 'n ware Janusfiguur deurdat hy homself steeds as konserwatief beskou.
 Van der Merwe erken dat dit vir hom moeilik was te aanvaar dat 'n groter werkslading as bestuurder beteken het dat hy minder studente- en kliniese kontak kon kry. In die vroeë jare van sy betrokkenheid by die bestuur van die kampus het hy steeds gedurende naweke as narkotiseur gepraaktiseer.
 Sy passie vir sy werk is duidelik wanneer hy 'n Saterdag in die teater "soos 'n vakansie" beskryf.
 Buiten dekaan van die FGW is Van der Merwe ook lid van die Medi-Clinic direksie en voorsitter van die Nasionale Dekanekomitee. Ten

spyte hiervan glo hy daarin om nooit gedurende die week sy werk huis toe te neem nie en breek dié reël selde.
 Van der Merwe lys sy sleutels tot sukses as die baie tyd en moeite wat hy in sake belê, maar veral die samewerking en hulp van ander. Hy erken dat baie van sy suksesse nie moontlik sou wees indien dit nie vir sy vaardige bestuurspan was nie.
 Hierdie standpunt stam duidelik van sy filosofie oor die lewe: "'n Mens is 'n mens deur ander mense," deur N.P. Van Wyk Louw.
 Oor sy buitelandse ervaring sê hy dat dit belangrik is vir jong mediese praktisyns om hul horisone te verbreed, maar selfs hierdie behoort voorwaardes te hê:
 "As jy 'n vliegtuigkaartjie koop, koop retoer. Met die tong in die kies, as jy nog nie getroud is nie, moenie oorseë trou nie, want dan kom jy nie weer terug nie!"
 Van der Merwe het sterk teen die ontwikkeling van 'n eksklusiewe en meerderwaardige houding onder gesondheidswetenskaplikes gemaak. "Dit is is nie hoe slim of hoe ryk jy is wat jou gehalte as mense bepaal nie. Jy moet mense met hierdie in gedagte behandel." Hierdie houding speel 'n integrale rol in sy bestuurstyl.
 Sy opgewondenheid oor die beplande Landelike Kliniese Skool in Worcester het Van der Merwe ook duidelik gemaak. Met die voltooiing van hierdie projek blyk dit dat hy die volle sirkel sal voltooi en wel sy vroeë mikpunt om 'n verskil op die platteland te maak, sal bewaarheid.

Akademie se verenigings voorsien

CHRIS BOTHA

Tygerberg Academic Affairs Council
TABR
 Tygerberg Akademiese Belange Raad

TERWYL daar talle verenigings op Tygerbergkampus is om ontspanning en verryking aan studente te bied, is daar ook akademiese organisasies wat studente se kursus-spesifieke belange op die hart dra.
 Die departemente Arbeidsterapie, Spraak-, Taal- en Gehoortherapie sowel as Fisioterapie beskik oor sulke studenteverenigings. Dié verenigings is geslote organisasies vir studente van die onderskeie departemente met outomatiese lidmaatskap ten tye van hul registrasie.
 Die hoofdoel van die Maties Spraak-, Taal- en Gehoorvereniging (MSTGV) is om interaksie tussen die verskillende jaargroepe van die bogenoemde kursus aan te moedig.
 Volgens me. Suzanne Vermeulen, MSTGV Voorsitter, is dit veral belangrik omdat die eerste- en tweedejaars op hoofkampus woon.
 Die MSTGV verskaf die fondse vir die jaarlikse STG-departementele dans. Hulle is ook betrokke by reëlings rakende die STG-uniform, wat verder 'n gevoel van eenheid onder die studente kweek.
 Volgens Vermeulen is die vereniging daarop toegespits om bewustheid oor hul kursus te skep en om ondervertegenwoordiging te voorkom. Die MSTGV wil probeer om die aanpassing van Stellenbosch na Tygerberg makliker te maak en publiseer ook die jaarlikse STG-koerant, *Sê Tog*.
 Die USSFV, Universiteit Stellenbosch Studente Fisioterapie Vereniging, mik ook om eenheid tussen die verskillende jaargroepe te smee. Me. Franci du Plessis, USSFV Voorsitter, noem dat die vereniging 'n jaarlikse braai en fisioterapie-dans reël, wat vir groot genot sorg.
 Die USSFV bied lede die geleent-

heid om hul kennis verbreed deur betrokkenheid by Maties Rugby en die Pick 'n Pay Argus Fietswedren.
 Vir diegene met 'n liefde vir hul medemens, neem die USSFV ook deel aan gemeenskapsbouprojekte, onder andere fondsinsamelings en die KANSA *Relay for Life*.
 Die Arbeidsterapie Studente Vereniging of ASTV se hoofdoel is om as skakel tussen die studente en dosente van die Departement Arbeidsterapie te dien.
 Die ASTV speel 'n integrale rol in die verwelkoming van Arbeidsterapie eerstejaars en veral om hulle deel van Tygerbergkampus te laat voel en op hul kursus voor te berei.
 Me. Elnette Botha, TSR-lid: Voorsitter, verduidelik dat hulle ook onlangs 'n "bootcamp"-projek vir hul derdejaars geloods het.
 Die kamp beoog om die band tussen studente te versterk en persoonlike groei aan te help, aangesien derdejaars as die mees uitdagende jaar in Arbeidsterapie beskryf word.
 Me. Elneette Botha, TSR-lid: Voorsitter verduidelik dat die TABR as sulks nie 'n vereniging is nie, maar wel 'n volwaardige portefeulje binne die TSR is. Studente "behoort" nie aan die TABR nie, maar die TABR bestaan uit verteenwoordigers van elke klas in die FGW.

"Die TABR is daar om studente te dien op akademiese vlak. Meer spesifiek dien ek as skakel tussen Tygerbergstudente en die Fakulteit Gesondheidswetenskappe met die fokus op akademiese belange."
 Botha is dus elke Tygerbergstudent se "stem". Dit staan enige student vry om haar te nader met spesifieke behoeftes en probleme wat 'n effek het op hul akademie het.
 Sy neem dit dan op met die nodige rolspelers in die universiteit of help die student om die saak deur die regte kanale te voer.
 Botha se betrokkenheid strek egter verder. "Die verskeie liggamme waarop ek [as TABR-voorsitter] dien gee my ook die geleentheid om by te dra tot gesprekke en besluite wat elke Tygerbergstudent direk raak, nie net in die FGW nie, maar ook binne die hoër instusionele forums."
 Hierdie akademiese verenigings val onder die verenigings-komitee van die TSR en is heeltemal onafhanklik van die TABR.
 Vergaderings word wel in sommige gevalle met die TABR gehou.
 Die TABR dien dus hoofsaaklik studente se akademiese belange, waarteenoor die verskeie bogenoemde akademiese verenigings departement-spesifiek op sosiale en emosionele aspekte fokus.

Greater student support pending

CRAIG ANDERSON

AT THE recent Tygerberg Student Parliament held 16 March 2010 the issue of emotional support for students after incidents in hospital was brought to the fore.
 Support systems available to students in the FHS are very similar to those on main campus. This entails the availability of a clinical psychologist at the Centre for Student Counseling and Development on the second floor of the TSS. Sessions are free of charge to Tygerberg students.
 Emotional support for students is an important matter to Mr Keeve de Villiers, TSR member: chairman. Speaking from personal experience, De Villiers explained that clinical rotations can be traumatic and emotionally draining. This is particularly true for students who are doing clinical rotations for the first time.
 De Villiers elaborates that while the system in place at Tygerberg does maintain basic mental health, it overlooks the average student who never seeks psychological help.
 "It is not necessarily that students become depressed. The issue is that it [the hospital] has an effect on people, some more than others. The danger is that students can become blunted and callused to an extent," argued students present at the parliament.
 The matter of the psychologist at the CSCD being frequently fully booked is also a concern, according to De Villiers.
 He explains that the TSR strives for a better campus experience, with individuals leaving at the end of their

course as well-rounded clinicians. This forms the driving force behind the initiative.
 The discussion at Student Parliament saw the emergence of two main schools of thought, one being that emotional support should be a student-driven initiative and the other that professional and faculty involvement would be more instrumental.
 It was unanimous among attendants that an improved system would be required to handle the issue.
 Mr Jasper van Zyl, Speaker of Parliament, considered the fact that a middle ground had been reached after extensive and constructive debate.
 He explains that the floor saw it as a viable option to base the system on the model of the current Mentor-Tutor program. The possibility is to involve students in a set-up similar to peer counseling, while involving faculty and having trained psychologists oversee these events.
 Van Zyl warns that care should be taken not to exclude Osler-students.
 De Villiers explains that a final decision cannot be made after one student parliament and that more research and discussions need to take place. Dr Llewellyn MacMaster, Student Dean, has been informed of the issue and is currently involved in discussions with his team.
 Dr Leslie van Rooi will be at the head of the committee which will be entrusted with discussing and handling the situation. This committee will include Prof. Charl Cilliers, CSCD: Director and Mrs Parker.
 Students are reminded of the CSCD's 24-hour emergency helpline, available to all students of the SU.

Tygerberg sports week fosters pride and unity

Column

EDITORIAL TEAM

THE ANNUAL Tygerberg Sports Week recently took place during the week of 8-12 March 2010.

Attendance has been poor in previous years and certain changes were made to remedy the matter.

The HK-member of sport for each residence was asked along with his or her committee to organise an event.

Ms Kelly Jacobs, TSR-member: Sport explained the concept behind this change: "It was thought that each residence would make more of an effort to get their students involved if they were organising it."

Cage soccer was organised by Huis Francie van Zijl and took place on Monday 8 March.

In the women's division Kerkenberg took first place while Meerhoff won the men's division.

Huis Kerkenberg was in charge of netball on 9 March. This was held during the evening, which according to Jacobs contributed positively toward the atmosphere.

It was well-attended and enjoyed by both men's and women's teams. Meerhoff men and women were placed first for this event.

Jacobs adds here that it is important to enable and include Osler's participation in campus interactions. It is for this reason that not all events can be held at night, as it creates logistical problems for students who do not reside on campus.

Osler hosted the intra-campus hockey on the Wednesday, which was won by Kerkenberg women and Hippokrates men respectively.

Thursday, 11 March, comprised a fun-run in the early morning and touch-rugby in the afternoon, which was organised by Meerhoff.

An entry fee of R5 per person was required for the fun-run. Proceeds raised in this way will go towards funds for the J6-society on campus.

A well-attended event, the fun-run was won by Elené Lourens from Huis Francie in the women's division and Ruan de Jager from Meerhoff in the men's division.

Placed second in both the men and women's divisions were entrants from Meerhoff.

Third place was taken by Huis Francie in the women's division and Hippokrates in the men's division.

Just as men's teams entered the netball, women's teams were entered to participate in touch-rugby. Kerkenberg women were placed first in this event, while Hippokrates men displayed their



THE ANNUAL SPORTS WEEK WAS ENJOYED BY STUDENTS ACROSS TYGERBERG CAMPUS. A week packed with sport gave students and their residences the opportunity to display their prowess in various events, from cage soccer to a relay event. In this photo, Meerhoff and Kerkenberg men compete in the touch rugby event.

Photo: KELSEY MOLLER

mettle by winning their division.

Hippokrates organised the final event of sportweek, namely the relay.

This encompassed "Down-downs", running and swimming and was won by both Hippokrates men and women.

Asked about the success of Sportsweek 2010, Jacobs says that there had been pressure to discontinue the week as it has never been the best-attended event on campus.

She explains that while it is not attended by everyone, those who do participate enjoy it.

"We keep doing it because it creates a fun atmosphere for interaction between residences and promotes pride for one's residence."

The winners of Sports Week were announced at the Rugby Quantum Sevens tournament on 25 March.

This event annually sees to the different year groups battling it out for the honour of Quantum Sevens champions as well as quality jackets to the worth of approximately R500 each, sponsored by Quantum Logistics.

Though it is not officially part of Sports Week, initial plans were to hold it during sports week to improve attendance. Due to several students writing tests and exams in the planned

week, the event had to be moved.

According to Mr Danie Roux of the Tygerberg sports bureau, the event was still well supported and had a tangible sense of pride and spirit.

In the semi-final round the sixth years won their match against the fourth years.

The third years also won their semi-final match against the fifth years.

In the final match the sixth years, called the Die Hards, were thus competing against the third years, who went by the name of the Tigers.

The 2010 Quantum Sevens inter-class rugby tournament was won by the Die Hards, with a score of 17-12.

The tournament concluded with the presentation of the trophy and prizes and the announcement of the sports week winners. Supporters and participants were also treated to a braai at the end of the evening.

In the women's division of sports week, Huis Francie tallied the points at third place, Huis Kerkenberg at second place and Meerhoff ladies rang in at first place.

In the men's division, Huis Kerkenberg was placed third, Hippokrates Koshuis second and Meerhoff first.

Can You guess who has HIV?

Test Yourself

Main Campus

Tygerberg Campus

Protect yourself, protect Matis

How green is Tygerberg?

"GREEN", "sustainability" and "environmental affairs" are the modern buzzwords, but are the students of Tygerberg campus doing enough to prevent Cape Town from becoming an underwater relic?

We may laugh now at predictions that the Mother City will be covered by water in the future, but according to an article entitled "Global Climate Change and Adaptation - A sea-level rise risk assessment" by Cartwright *et al.*, rising sea levels as well as an increased frequency and intensity of storm-events will significantly change the shape of coastlines worldwide.

Climate change puts a city like Cape Town with its extensive coastline at a particularly high risk. Maybe one day we shall tell our grandchildren of a time when we studied in a beautiful coastal city that once lay at the foot of Africa.

The year 2009 saw the launch of a new TSR- as well as HK-member portfolio, namely "Groen". For the first time, university leadership recognised the importance of environmental awareness and the promotion of an eco-friendly lifestyle amongst students.

The official addition of these portfolios generated some interest in the FHS who hosted Tygerberg's first ever "Sustainability Summit". While the summit sparked much debate and brainstorming among faculty members and a handful of students, no concrete action seems to have followed. Similarly, the few green initiatives that have taken place on campus have been sorely supported.

The end of last year brought with it a crisis of epic proportions when the Stellenbosch landfill was filled to the brim with one too many piles of human garbage. Perhaps this was a blessing in disguise since it prompted the instigation of a huge recycling program in the university residences on main campus at the start of this year.

2010 is purported to be a year of hope for our country. Being the International Year of Biodiversity, hopefully it will be a year in which environmental affairs also gather momentum in a meaningful way.

The roll-over of the main campus recycling campaign is expected to start soon on Tygerberg. As Tygerberg follows suit, I hope our friends in Stellenbosch-proper will not be given another reason to call our campus life a watered down version of Matis-life.

This year has been more eventful in terms of environmental affairs with the arrival of stronger leadership and words accompanied by deeds. Through the TSR Green Committee, those who traverse Tygerberg campus in the photocopying room, GERGA or the TSS and indeed those who read their *Tmail* will have been exposed to some visual reminders of practical ways to be environmentally friendly.

In terms of the residence involvement, I can only speak for my own residence. The Green Committee of Huis Francie has made a substantial effort to increase environmental awareness.

They hosted a "green week" from 23-27 March, which included a litter clear-up at Blouberg beach, a campus rubbish pick-up and a trip to the 2010 Biodiversity Expo at Kirstenbosch Gardens before switching off their lights for International WWF Earth Hour.

Many residents ended the week by signing a pledge to make small changes in their daily lifestyles.

The success of such campaigns is ultimately dependent on the participation of students. The response thus far has been nothing close to what it could or should be, whether it be due to lack of interest, apathy or "workaholicism".

A plausible alley to investigate may be encouraging competition among residences with regard to environmental awareness.

We are destroying the earth which sustains us. How can we work towards professions which value human life, yet show no concern for the future of mankind, let alone the earth itself?

In the sobering words of Sir David Attenborough, "I don't want to look at my grandchildren and hear them say: 'Grandfather, you knew what was happening, and you did nothing...'"

Now is the time to "go green".

~ Kirsten Rowe

Rowe is an MB, ChB, III-student. She heads up Huis Francie van Zijl's Green Committee and also serves on the TSR Green Committee.

The views expressed in this column do not necessarily constitute the opinions of *tMatiE* or any of her editorial members.

Kampus tot op datum

Terugvoer wat by Studenteparlement 16 Maart 2010 gegee is, is as volg:

- Die nedersettings wat langs die heinings by Meerhoff verskyn het, is vewyder nadat die FGW en die TSR die munisipaliteit se aandag daarop gevestig het. Volgens wet moes daar alternatiewe woonplek aan die inwoners beskikbaar gemaak word.
- Studente word daaraan herinner om studentekaarte ten alle tye op 'n sigbare plek te dra. Dit is in lyn met strenger sekuriteitsmaatreëls. Kaarthouers is by TSR-dienstekantoor of by die kassier in die administrasiegebou beskikbaar.
- Daar word gehoop dat die beplande opgraderings aan die TSS reeds hierdie jaar sal begin. Dit sal plaasvind sodra die nodige fondse beskikbaar gemaak word.
- Studente word aangemoedig om aan die Studentedienste Evaluering deel te neem. Die evaluering mik om dienste soos onder andere Administrasie, GERGA en beursdienste te verbeter.

Nuus van die Korporatiewe Kommunikasie Afdeling is as volg:

- Evaluasies rakende die Kliniese Vaardigheidssentrum is onlangs aan sekere jaargroepe gestuur. Die terugvoer wat hierdeur ontvang word, word gebruik om uitbreidings aan die sentrum te ondersoek. Die beplande uitbreidings sal spesifiek op diëetkunde studente gerig wees.
- Sien die nuwe studentewoning, die "Bliksem" voor Hippokrates.



WYSIES ONDER DIE WILGERS Wilgenhof se jaarlikse Carry-6-Packer-opskop het op Vrydag 9 April die gehoor met kokende rock-klanke warm gehou. Die bands wat opgetree het, is The Pretty Blue Guns, Tidal Waves, Zinkplaat en Fokopolisiekar. Hier is Bertie Coetzee van Zinkplaat agter die mikrofoon. Foto: JANDRÉ ROBBERTZE

Mavis Vermaak 'honger om nog musiek te maak'

MELINDI DE KOCK

DAAR is 'n avant-garde ondertoon aan die unieke, vars klanke van Mavis Vermaak. Sy versamel klippe en kaktusse en word deur eksistensiële angs – 'n slagspreuk vir hierdie veel-sydige, enigmatiese jong musikant – geïnspireer. Vermaak (Riana Wiechers se verhoogpersona) is 'n kunstenaar wat die soet kant van die lewe met bitter intriges van ons realiteit verweef. Sy tref met liedjies soos "KaaPstadsLaapstad" en dis duidelik dat Vermaak 'n opwindende jong kunstenaar is wat nie huiwer om op 'n geniale manier droomagtige beelde aan haar boeiende musiek en lirieke te koppel nie.

Waar kom die naam Mavis Vermaak vandaan? Is daar enige iets interessant agter die naam?

Mavis Vermaak was my ouma se nooiensnaam. Ek hou van die outydse styl daarvan en as 'n mens dit hardop sê, is daar amper iets poëties aan die klank. Ek en 'n paar vriendinne het een aand rondgegrap en almal het vertel wat hul oumas aan moederskant se nooiensnaam was. Ons het mekaar van toe af op dié name begin noem – daar is 'n Maud, 'n Souf, 'n Ella – en ek is toe Mavis. Toe die tyd kom om 'n kunstenaarsnaam te kies, was Mavis die vanselfsprekende keuse!

Hoe kan jou klanke beskryf word?

Sjoe. Ek is self nie seker nie. Woorde wat al in resensies gebruik is, is "hipnoties", "evokatief" en "atmosferies". Electro-pop, avant-rock, spoken word. Dis moeilik om 'n mens se eie musiek te beskryf, want wie kan rêrig sê hoe ander mense jou of jou kuns interpreteer? Dis mos maar anders vir almal.

Vertel ons 'n bietjie meer oor die snit "KaaPstadsLaapstad".

"KaaPstadsLaapstad" het ek geskryf na aanleiding van dinge wat ek maar in die nuus gelees het en dan baie oor gedink het; ook gewaarwordinge wat in my onderbewussyn vasgesteek het. Ek veronderstel ek het dit toe in 'n baie persoonlike raamwerk van my eie ervaring van my bestaan in Kaapstad uitgedruk. 'n Mens kan dit seker sosiale kommentaar noem. Buckfever Underground se album *The Buckfever Underground Saves* het 'n baie groot invloed gehad op hoe dit klink. Dit was 'n wonderlike ervaring om die liedjie saam met Juan Penguin aanmekaar te sit. Ironies genoeg is die woorde geskryf lank voordat ek as vertaler by *Die Son* begin werk het. Daar het ek omtrent elke dag stories vertaal oor die

dinge waarvoor ek in die liedjie geskryf het. Deesdae lees en kyk ek glad nie meer nuus nie!

Jou lirike is meer soos gedigvertelling. Waarvoor skryf jy?

Ek skryf oor ervarings wat 'n groot impak op my maak of dinge waaraan ek dae of weke lank dink. Dan sal ek gaan sit en daardie gedagtes neerskryf, dit laat rus, nog daaroor dink, dan weer terugkeer daarna, nog skaaf, herskryf. Dis eintlik 'n proses wat vir ewig kan aanhou.

Wat inspireer jou om te skryf?

Universele dinge wat sentraal is tot alle mense. Liefde. Verlies. Hunkering. Eksistensiële angs. Maar ek probeer om die universele vanuit 'n baie persoonlike oogpunt uit te druk. So kan 'n wye spektrum mense hopelik daarby aanklank vind, terwyl die uitgangspunt nog uniek bly.

Jy het al by poësie-aande opgetree. Vertel ons 'n bietjie meer daarvoor.

Poësie-lesings was my eerste blootstelling aan die ervaring om my werk met 'n gehoor te deel. Die eerste keer was vreesaanjaend. Later het dit makliker geraak. Maar om as kunstenaar 'n mens se werk bloot voor te lees is redelik beperkend. Met sang en instrumentasie kan 'n mens soveel meer gevoel oordra.

Enige planne vir die toekoms?

Volgende wil ek graag begin werk aan nuwe musiek vir 'n vollengte album. Ek het baie materiaal – dis net die tyd wat dikwels ontbreek. Ek moes ook wag vir die regte mense om mee saam te werk om my pad te kruis – ondervinding het my geleer dis nie iets wat mens kan maák gebeur nie, so dit verg 'n bietjie geduld. Maar ek is honger om nog musiek te skep. En om materiaal te begin inoefen met musikante. Om voor 'n gehoor op te tree binne die volgende paar maande is op hierdie stadium my hoofdoel.

Ontmoet die mense agter Die Mystic Boer se beats Wie maak die jol vol?

ANNEKE STEENKAMP

Hoe gebeur dit dat jy jousef toelaat om twee-uur die nag in Die Mystic Boer tussen dronk mense deur te skuur terwyl jou arms en bene 'n ritme van hul eie het? Wat is daardie beat wat jou roep?

Die belangrikste vraag is egter: Wie beheer daardie beats? Die Matie het 'n bietjie met Mimi van der Walt (oftewel Mary Pop) gaan gesels oor wat dit alles behels om 'n Mystic DJ te wees.

Wat is jul almal se DJ-name?

Mary Pop, The Law (Henning Burden), The Suspect (Emile Smuts) en Chicdied (John Swart).

Wat swot julle of is dit jul enigste werk?

Ek [Mary Pop] swot graphic design, The Law is 'n eco-guide, The Suspect is Mystic se manager en John swot drama.

Waar het julle geleer DJ? Het julle dit self ontwikkel?

Ek't maar myself geleer. Ek dink ons almal het maar net by Mystic ingeval en begin.

Wie is jul gunsteling-artists en grootste invloede?

Wow, ek love Justice en The Knife. Ek weet nie van die ander nie; hulle is maar almal drum and bass-kinders. Ek's softcore en electro.

Speel julle ook by ander plekke?

So nou en dan by ander events, maar nie regtig nie.

Hoe kies julle die aand se playlist? En hoe sal julle jul set se vibe verduidelik?

Ons kies nie 'n playlist nie; ons check maar die crowd en gaan met dit. Maandae is indie en electro. Dis my vibe.

Dinsdae is meer 'n mengelmoes van 'n klomp genres: rock, drum and bass, dubstep, electro en hip-hop. Woensdag is Suspect aan die beurt. Jy ken die vibe.

Donderdag: drum and bass met 'n bietjie corny stuff in die mix; dink Annelie van Rooyen.

Hoe verander die vibe deur die aand en hoekom verander die musiek so drasties ná twee-uur?

Die vibe verander want die mense se judgement raak slegter en vir sommiges lekkerder, maar 02:30 moet almal uit die winkel wees, want die polisie sê so.

Hoe kan 'n mens te werk gaan as jy 'n DJ wil word?

Spandeer die meeste van jou tyd by Mystic, en wees nice met Emile.

Watter nuwe musiek moet dopgehou word?

Ek's maar into indie en electro so dit val nou nie in almal se smaak nie. As jy van indie hou: Miike Snow is aan. Electro... Ek moet gaan vir The Bloody Beetroots en The Toxic Avenger.

Watter liedjie word die meeste aangevra?

Pendulum. Mense dink dis 'n liedjie.

Watter liedjie irriteer julle die meeste en is al te veel

gespeel?

"Super Evil" [deur Die Antwoord] word beslis hopeloos te veel gespeel.

Hoe voel julle oor die rebirth van drum and bass en dubstep?

Dit was 'n revolution in Engeland. Ek weet nie lekker van hier nie... En dis al 'n rukkie terug. Ek weet nie. Ek dink hier is ons maar net 'n bietjie meer stuck as enige iets anders.

Dink julle die Afrikaanse artists is op standaard met dit wat internasionaal gebeur?

Ja, sekerlik party van hulle. Ek sal hulle nou nie met artists soos Radiohead en Muse vergelyk nie, maar met bands soos MGMT beslis. Ons DJ's is ook glad nie sleg nie – soos Haezer. Hy's awesome!

Wat is jul gunsteling-event in die jaar?

Ramfest is baie lekker en daar is 'n bietjie van alles.

Wat maak julle anders as die DJ's wat mense vir hul troues huur?

Ons gee nie om dat jy van Lady Gaga hou nie, ons mix ook en speel nie van Winamp af nie. Ons gaan nie ons siele verkoop nie.

Enige rivalry met die Tollies/NuBar/Catwalk/Springbok-DJ's? Wat is jul opinie oor hulle en die manier waarop hulle met die musiek te werk gaan?

Nee, wie is hulle? Ek kom nie daai kant van die dorp nie. Dis soos die Agter Paarlpad.



Foto: JEAN MEERAN



RADIOHEADS The Stremes will be performing at Bohemia tomorrow night. From left are band members Wayne Pauli, Justin Kruger and Benjamin Peacefull.

Photo: MICAELA ASHLEY-COOPER

The Stremes are 'in it for the long haul'

Old-school rock still fresh

MARINETTE POTGIETER

Ladies and gentlemen, we introduce to you The Stremes. Wayne Pauli (guitar and vocals), Benjamin Peacefull (bass and vocals) and drummer Atom Shape make up this rock band from the UK. Atom has, however, been replaced with Justin Kruger (of Van Coke Kartel) since Atom is still in the UK.

Local radioheads will have the opportunity to see them live at Bohemia on Thursday 15 April.

Die Matie had a chat with frontman Wayne Pauli about the band and their music.

Who has been your greatest influence thus far?

I grew up with Hendrix, Cream and The Beatles via my dad's music collection, but also got very into U2 in my twenties, so I'd say my influences are kind of in both those camps.

It's a combination really of old school blues rock, psychedelic sounds and the melodic soulfulness of U2.

There are many other influences which come via Benjamin. Most notably of late we've been strongly influenced by The Killers.

Where do you want to be in 10 years?

We really do want to break into the big time, and the dream remains, so hopefully in ten years from now we'll be on our fourth album and doing a worldwide tour. We're in it for the long haul.

How would you describe your music?

It's not easy to identify our sound as there really are so many influences and ideas which go into the mix, but we are certainly a rock band. I'd say we're a rock/indie/blues/electro/melodic/soul type band.

Do you write your music based on personal experiences or do you get inspired by other songs?

It's different for every song. You might hear a song which has a certain vibe which subconsciously finds its way into one of your songs, or you take ideas directly from songs you hear.

For the most part our songs are based on personal experiences. The album *[Maze of Light]* has this theme of the digital age with all its terror and size, and the speed of the whole thing,

so most of it is an outward-looking concept.

Do you guys have a pre-gig ritual?

I don't really have one to be honest. I've been in music for so long that it's always just the job that I do. I've never been able to eat anything for at least three hours before I play, though. Benjamin, on the other hand, has to eat just before he plays. We're not prima donnas at all, so basically we just get up and play as loudly as we possibly can, which we feel is probably the best way of going.

Is there anything you would want your fans to know?

We're very grateful for our fans, so we want them to know that we'll go all out to make them proud. All the other stuff people might want to know would get Benjamin arrested.

Do you have any advice for upcoming bands?

Write great songs. You want people to love your music and sing it in ten years' time. Don't make music to be cool, make it to mark the times of your life. That's the honour in it: to give people a soundtrack to their lives.

Cape Town – a Mecca for Jazz Cats

HANNAH MOORE

WHETHER it's the liveliness of 1920s swing hits, the sexiness of sultry blues tunes or the beat of Afro-jazz that quickens your pulse, one thing is for sure: if you love jazz, Cape Town is your best bet!

Capetonian jazz originated in the late 1800s during South Africa's contact with inspired African-American musicians from New Orleans. The local jazz scene inadvertently continued to draw its influences from both its tumultuous political climate, as well as from the various dominant (primarily American) jazz genres of the twentieth century. Such influences ranged from Ragtime-infused liberation songs, to modern-day jazz sounds such as Acid Jazz, Nu-Jazz and Jazzcore – musical adaptations of jazz with deep electro and metal undertones.

The jazz scene in Cape Town has indeed become so energetic that the city has successfully held its eleventh annual International Jazz Festival. It was showcased at the Cape Town International Convention Centre at the beginning of the month, and featured renowned artists such as George Benson and Selaelo Selota. The festival boasted a remarkable lineup of forty-two jazz groups, with no less than five stages for artists to showcase their talents and bring out the collective rhythm of the festival's visitors.

However, the Cape Town International Jazz Festival was not the last of its kind for 2010, with Cape Town's Big Band Jazz Festival taking place from 27 to 29 May. The Festival, which will be held at the Baxter Concert Hall – our very own Stellenbosch

Youth Jazz Band will perform there as well – is a community outreach project in support of music education in jazz at schools and colleges. Tickets can be bought through Computicket and are R35 for students.

Another local initiative in support of young, South African musicians is that of the Rainbow Room. Taking the Mother City by storm, the Rainbow Room's basement art-centre is a haven at which undiscovered jazz musicians can collectively learn, share and inspire each other, whilst being offered exposure at live gigs on Saturday and Sunday evenings. The Rainbow Room will be closed for a revamp until mid-May, but is set to continue its program of showcasing Capetonian talent with resolute vigor thereafter.

Apart from such larger-scale jazz projects, a list of the Cape's most noteworthy jazz joints cannot be deemed complete without mention of the following hotspots: Swingers in Ottery, which hosts quintessential Cape Town jazz every Monday night and where entrance is free; Asoka in Kloof Street offering funky, upbeat jazz sessions on Tuesdays evenings; and The Green Dolphin at the V&A Waterfront, which offers a musical-culinary experience of the city's biggest jazz cats, with occasional performances by international guests.

With so much on offer, why not make a day out of the Cape Town jazz experience? Take the train, road-trip, car-pool, hitch-hike or walk, but just make sure that you get to take in the city's generous jazz talent, so that you too can lose yourself in the resounding rhythm that is the sound of South African jazz at home.



Grease en meer vanjaar by Kunstekaap

ADÈL GROENEWALD

IN DIE hart van die middestad, by die Kunstekaapteater, word daar geen uitsonderings gemaak ten opsigte van die gehalte van teatervermaak nie. Verlede maand het dié teater weereens net die beste op die planke toegelaat toe die musiekblyspel *Grease* die verhoog betree het.

Om kers vas te hou by die alombekende film was niks minder as 'n uitdaging nie. Tog kan Pieter Toerien, Paul Nicholas en David Lan trots wees op die produk wat hulle, met die hulp van 'n top Suid-Afrikaanse geselskap, gebied het.

Diemusikale verwerking en uitvoering was letterlik uit die boonste rakke met die orkes wat vir groot dele van die produksie op 'n blink balkon teen die agtergrond sigbaar was. Hierdie sewe mans het die welbekende liedjies nuwe trefkrag gegee en veral "Greased Lightnin'" en "Born to Hand Jive" het

skop gekry met 'n voller klank as op die oorspronklike klankbaan.

Die 1950's-dansstyl is ook tot 'n nuwe vlak gevoer om die produksie verhoogvriendelik te maak. Die passies was soms baie meer kompleks en indrukwekkend as in die film en

Die musikale verwerking en uitvoering was letterlik uit die boonste rakke

getuig van uitstekende tegniek.

Daar het ook byna niks met die akteurs se stembaliteit geskort nie en veral Bethany Dickson (as Sandy) en Thembeke Mnguni (as Miss Lynch) se stemme het uitgestaan.

Die kostuums was getrou aan die film en tydperk en die dekor is eenvoudig gehou. Dis verstaanbaar dat daar nie veel verrassings in die dialoog

en storielyn kon wees nie, maar al die ander elemente was van só 'n gehalte dat *Grease* beslis die rit stad toe werd was.

Vir dié wat dit gemis het, is daar gelukkig hoop. Hierdie maand is *Stomp* die groot Kunstekaap-gebeurtenis. *Stomp Productions* is 'n wêreldwye groep geselskappe wat 'n passie vir ritme het. Industriële voorwerpe soos staaldromme, buitebande, Zippo lighters, plastieksakke en selfs opwasbakke word ingespan om gehore se voete te laat jeuk.

Stomp was al vantevore in die Kaap en hul energie en talent het gehore beïndruk. Hierdie groep gaan vanaf 14 tot 25 April die planke laat skud.

Verder bied die Kunstekaap hierdie maand 'n eg Suid-Afrikaanse ervaring met 'n Afrikaanse verwerking van Mitch Albom se bekende boek, *Tuesdays with Morrie*. Pedro Kruger en Chris van Niekerk speel die hoofrolle in *Dinsdae met Morrie* wat vanaf 13 tot 25 April te sien is.

The Stremes are playing at Bohemia tomorrow night. The rocking starts at 21:00.

Bobaas drum and bass en dubstep DJ's Fletcher en Hyphen sal Sondag 16 April om 21:00 in Die Mystic Boer kragte saamsaan.

The Mochines, Die Gunstons and Dead Lucky will be kicking out

some hard-rock jams at Aandklas on Saturday 17 April at 20:00. Tickets are R20.

Jack Parow en Die NP Projek is op Saterdag 17 April om 19:00 by Klein Libertas te sien.

Mango Groove are playing at Spier Wine Estate on Saturday 17 April. Gates open at 13:00 and the

show begins at 15:00. Tickets are R80 and R100.

Adlib Improv is op Donderdag 22 April om 21:00 by Huis Ten Bosch. Kaartjies kos R20.

The Schola Cantorum Chamber Choir will perform in the Endler Hall at 20:00 on Saturday 24 April. Tickets are R65 and R85.

THE BRAZEN HEAD



Moved to 17 April 2010
St. Patrick's Day



Fanatikus van die woord

“Die woordeboek weerspieël wat lewendig in die taal is. Mense moet besef dat die woordeboek nie die tienmaal heilige gesag is nie.”



KWYTRAAK

Deonette Theart

Indien daar 'n definisie vir prof Rufus Gouws vir 'n woordeboek geformuleer sou moes word, sal daar sonder twyfel “kenner en fanatikus van die woord” staan. Hierdie man haal weliswaar woorde asem! In sy kantoor, natuurlik van hoek tot kant met woordeboeke bepak, vertel hy my van hierdie besondere passie wat deel van sy alledaagse bestaan geword het.

“Ek het in 'n huis gevul met boeke grootgeword waar daar baie oor taal gepraat is,” vertel prof Gouws gretig van sy belangstelling in die woord tydens sy grootwordjare in die Moederstad. “Dit was dus 'n natuurlike uitvloeisel dat ek in die taallyn gaan studeer.” Afrikaans was wel een van sy hoofvakke tydens sy studies aan die US, maar prof Gouws het eers, terwyl hy met sy doktorsgraad in sintaksis besig was, die wonder van leksikografie ontdek. “Ek het my doktorsgraad in sintaksis voltooi, maar was van daar af volstroom in leksikografie betrokke. Leksikografie is 'n jaloerse beroep.”

Ná sy studies het prof Gouws besluit om vir eers die Stellenbosse berge te groet en vir drie jaar by UNISA te gaan werk. Hy is vanaf 1980 weer volstroom dosent aan die US en beplan nie om gou weer te groet nie. Prof Gouws is duidelik lief vir klassee. “Die soort hulp wat ek al van studente gekry het in die ontwikkeling van my eie werk kan ek nooit onderskat nie. Ek en my studente beleef elke nou en dan 'n 'aha'-oomblik as ons iets nuuts ontdek het tydens ons gespreksessies. Dis bevredigend om liggies in studente se oë te sien aangaan,” vertel hy terwyl sy eie oë skitter. Verder het hy al deur die jare gaan navorsing doen en doseer in Engeland, Duitsland

en Denemarke. “Leksikografie is so 'n lewende vakgebied wêreldwyd en dis lekker dat dit nie taalspesifiek is nie,” sê hy. Tydens gesprekke met mede-leksikograwe wêreldwyd word teorieë uitgebrei en nuwes ontwikkel. “Dis belangrik om te bepaal of ek kan koek bak met die resep en of ek brood gaan kry waar ek koek verwag het.”

'n Leksikograaf se werk behels kortliks die skryf en saamstel van woordeboeke. Prof Gouws verduidelik aan my die belangrikheid van dié taak. “Alles wat jy oor 'n taal kan sê, vind neerslag in die woordeboek. Vir die gewone gebruiker is die woordeboek die houer van taalkundige inligting. Jy flanker as't ware met taal deur middel van die woordeboek.” Prof Gouws is 'n gerekende naam in die leksikografiewêreld en was al betrokke by die skep en beplanning van te veel woordeboeke om op te noem. Hiervoor het hy al verskeie pryse en toekennings ingeplam, onder meer die Elizabeth Eybersprys en die Rektor se toekenning vir uitnemende navorsing. Een woordeboek wat 'n mens egter nie mis kan kyk nie, is die Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal, oftewel die HAT. Sels al is jy 'n leksikografiese leek, moes jy al met dié staatsmakerwoordeboek, wat vir die eerste keer in 1965 verskyn het, te doen gehad het. “Professor Francois Odendaal, wat op 'n tyd die hoofredakteur van die HAT was, het my genader om vanaf die vierde uitgawe in 1999 deel te vorm van die span,” verduidelik hy waar sy paadjie met dié van die HAT gekruis het. Deesdae is prof Gouws aan stuur van sake en werk hy en sy span druk aan 'n sesde uitgawe wat na verwagting einde 2011 voltooi sal wees.

Ek vra hom uit oor wat agter die skerms gebeur tydens die saamstel van so 'n gevestigde woordeboek. “Dis belangrik om te onthou dat die HAT 'n handwoordeboek is; dus gaan jy nie elke spoegspatseltjie van die taal daarin vind nie. Dit gaan oor die kernwoordeboek van die Afrikaanse taal. Ons as leksikograwe kies dus daardie woorde met die hoogste gebruik-

frekwensie.” Dit is duidelik dat dit 'n voortdurende proses is. “Ek lees gedurig, kyk wat gaan rondom my aan en teken op. Leksikograwe moet hul vingers op die pols van die taal hou,” verduidelik hy ernstig. Natuurlik gaan dit nie net oor die insluit van nuwe woorde nie, maar ook oor die weghaal van woorde wat nie langer in gebruik is nie. “Die uitgewer sê hoeveel plek daar in die nuwe uitgawe beskikbaar is en dan is dit die taak van die leksikograwe om krities te kyk na watter woorde die gemiddelde HAT-gebruiker sal baat. Verder kry sommige woorde ook nuwe betekeniswaardes by.

Daar word direk ná die uitreiking van een uitgawe bymekaar gekom om te besluit wanneer daar 'n nuwe uitgawe moet uitkom en dan werk ons 'n werksprogram uit wat ons streng moet nakom ten einde die ooreengekome datum te bereik.” Dis sonder twyfel 'n taak wat 'n mens behoorlik besig hou. “Dit hou my uit die kwaad,” skerts prof Gouws goedig. “Woordeboeke is 'n leefwyse. Ek is by verskeie woordeboeke betrokke, so daarom volg ek omtrent 'n tipe woordeboekrooster waarvolgens ek daaglik werk.”

Groot opspraak is gewek nadat die HAT besluit het om Engelse woorde soos “worry”, “nice” en “cool” in die vierde uitgawe in te sluit. Prof Gouws se rede hiervoor is duidelik: “Ons het met baie navorsing gevind dat hierdie woorde deel van die standaardwoordeboek van die moedertaalspreker vorm en daarom moes ons dit doodeenvoudig insluit.” Hy verduidelik dat hierdie Engelse woorde as leenwoorde in die Afrikaanse taal beskou moet word, juis omdat Afrikaans in so 'n meertalige omgewing gebruik word. “Dis deel van 'n doodnatuurlike proses van 'n lewende taal om sy woordeboek deur ontleening uit te brei.”

Leksikograwe neem daaglik hierdie soort moeilike besluite en word daarom ook gereed die sondebokke. Die kommentaar en resensies ná hierdie besluit was meestal duidelik ontevredene

van aard. “Daar bestaan nie iets soos 'n perfekte woordeboek nie, maar jy moet die besluite wat jy as leksikograaf geneem het, kan motiveer. Ons is juis nou besig om te besluit of ons hierdie Engelse woorde steeds in die nuwe uitgawe wil behou.” Prof Gouws maak dit duidelik dat die woordeboek verslag moet doen van wat werklik in die taal aangaan. “Leksikograwe gaan oneerlik wees as hulle net woorde in hul woordeboeke opneem wat hulle graag wil hê die mense móet gebruik. Die woordeboek weerspieël wat lewendig in die taal is. Mense moet besef dat die woordeboek nie die tienmaal heilige gesag is nie.”

Prof Gouws se nuutste toevoeging op die rak is 'n woordeboek vir die grondslagfase. Hy is ook tans besig met 'n internasionale vakwoordeboek vir leksikografie wat in tien tale verskyn. “Hierdie woordeboek bevat vaktal van my vakgebied, so dis natuurlik 'n lekker projek om aan te werk.”

Verder is prof Gouws die koördineerder van PROLEKS, 'n program wat daargestel is om 'n navorsingsentrum by die US te skep waar nagraadse studente en medenavorsers gemaklik leksikografiese navorsing kan doen. Prof Gouws was ook al in die verlede die president en vise-president van AFRILEX, 'n vakvereniging vir leksikografie wat in 1996 gestig is.

Prof Gouws het vier dogters. Die appel val nie ver van die boom nie, want sy oudste is nou besig met haar doktorsgraad in leksikografie en het al saam met haar pa aan woordeboeke gewerk. Sy tweede het in ma Ilse-Marie se onderwys-spore gevolg, en die jonger twee is nog op skool. “My gesin is belangriker as my woordeboeke, alhoewel hulle al daarmee moes vrede maak dat ek soms meer aandag aan woorde as aan hulle skenk.” Daarby is prof Gouws ook 'n ywerige drawwer. En soms geniet hy dit ook net om niks te doen nie. “Soos Breyten Breytenbach gesê het: ‘Partykeer sit ek en dink, ander kere sit ek net’.”

Foto: LUNDI CAVERNELIS

Media se verslaggewing vorm ons persepsies



STUDENTEFORUM

Mia Smit

Baie mense onthou nog presies waar hulle was toe hulle gehoor het dat Prinses Diana dood is. Alhoewel ek persoonlik nie dink die media hom noem) met hierdie leiers kan vergelyk nie, sal ek tog altyd onthou waar ek was toe ek gehoor het dat hy vermoor is – by Aking se konsert by die KKNK.

Dit is aan die een kant vir my half ironies, omdat ek by 'n fees wat hom daarop roem om Afrikaans in alle vorme te vier gehoor het van die dood van 'n man wat Afrikaans slegs in een vorm wou sien. Dit is ook ironies aangesien die vorige leier van die Suid-Afrikaanse Kommunistiese Party, Chris Hani, ook op die Saterdag van Paasaweek vermoor is en hierdie twee mans op verskeie vlakke wêreld van mekaar verskil.

Die media is sedert Terre'Blanche se dood in op en roer oor die gebeurtenis. Daar word van

verskeie oorde gehoor dat die ANC Jeugliga-leier, Julius Malema, se kenmerkende liedjie “Kill the Farmer, Kill the Boer” haatspraak is wat aanleiding gegee het tot Terre'Blanche se moord. Alhoewel die ANC intussen gevra het dat hul lede ophou om dit te sing, weier Malema.

Tog is daar geen bewyse dat die liedjie die rede was vir Terre'Blanche se moord nie. Hierdie aannames wat deur die media gemaak word, skep ook baie persepsies wat nie op konkrete feite gebaseer is nie – persepsies wat mense kan internaliseer en hul eie kan maak.

Later gaan ons nie meer weet wat die waarheid was en wat idees was wat deur die media aan ons opgedis is nie.

In Rapport van 4 April word daar genoem dat Terre'Blanche ongelukkig was oor BJ Vorster se liberale beleid. Ek het nooit geweet dat hy 'n liberale beleid gehad het nie. Die universiteit het die gebou wat na BJ Vorster vernoem is, se naam na die Lettere en Sosiale Wetenskappegebou verander en nou mag ons dit nie meer die BJ noem nie. Ek is seker daar is baie studente wat as gevolg hiervan vir Voster aan Apartheid gelykstel, maar nie weet dat hy 'n liberale beleid gehad het nie.

Dit is baie interessant om te sien hoe mense se

persepsies van hierdie figure verander. Wat veroorsaak dat dit verander? Is dit die dekking wat die media aan die persoon gee of wys dit dat ons wêreldbeeld verander het?

Terre'Blanche se dood kry besonder baie dekking. Is dit regtig geregverdig as 'n mens kyk na wat hy in sy lewe gedoen het? Hy het baie mense na baie negatiewe en rassitiese denke aangespoor. Hy is daarvan beskuldig dat hy 'n buite-egtelike verhouding met die joernalis Jani Allan gehad het en baie onvleiende beelde van hom is in die hofsaak geopenbaar.

Die AWB het 'n groot nederlaag gely toe hulle besluit het om Bophuthatswana binne te val en hulle toe heeltemal misluk het. Baie Afrikanerreges was verleë as gevolg van Terre'Blanche.

Hy was 'n man vol brawade, maar met bitter min effektiewe mag. Hy het in 2000 'n petroljoggie aangerand en is vir ses maande tronk toe gestuur. Hy is in 2001 vir drie jaar tronk toe nadat hy in 1996 'n plaaswerker só erg aangerand het dat hy breindood gelaat is.

Hoeveel mense het nie steeds die prent van die wit Afrikanerman wat op sy perd sit en mense van ander rasse slegs en fisies aanrand in hul koppe nie? Hoeveel van die idees wat ons het is ons eie idees en hoeveel word deur die media

gevorm?

As ons terugkyk, sien ons dat ons idee van geskiedkundige figure nie altyd korrek is of is soos hulle in hul leeftyd gesien is nie. Daarom moet ons onself afvra, wat gaan ons kinders se persepsies van ons en ons leiers wees? Wat gaan hulle van Julius Malema en Helen Zille dink? Wat gaan hulle dink oor die beleide wat ons nou ondersteun en verwerp en die leiers wat ons kies?

Dit is juis daarom dat die besluite wat ons vandag maak, die goed wat ons nou toelaat, die mense wat ons nou ondersteun en die goed wat ons nou publiseer van sulke kardinale belang is.

– Smit is 'n finalejaar BA (Geesteswetenskappe)-student en woon in die Loef-en-Leerhuis vir Opvoedkunde.

Die menings in hierdie rubriek is nie noodwendig dié van die koerant, die redakteur of enige lid van die redaksie nie. | The opinions expressed in this column are not necessarily those of this newspaper, its editor, or any member of its staff.

redaksioneel

Klasbywoning 'n voorreg

Die verslag van 'n Eerstejaarsakademie-navorsingsprojek wat verlede jaar plaasgevind het, dui daarop dat klasbywoning en akademiese prestasie van mekaar afhanklik is.

Dit was duidelik uit die verslag dat eerstejaars se klasbywoning nie altyd na wense was nie. Een van die redes is dat studente hul klasse vervelig vind.

Elke student ervaar 'n klas of die dosent anders as sy/haar klasmaat wat langs hom/haar sit. Wat vir die een vervelig is, is nie noodwendig vir die ander een vervelig nie.

Maar wanneer word die punt bereik wanneer daar nie meer klas toe gegaan word nie? Wanneer jy net nie meer omgee nie? Wanneer dit nie meer saak maak hoe jou punte lyk nie? Wanneer jy voel jou tyd word beter deurgebring deur te slaap

of die nuutse televisiereeks te kyk? (Want hoe vinniger 'n mens die een reeks klaar kyk, hoe vinniger kan jy dan 'n volgende reeks kyk.)

Ek het al gewonder of die probleem van vervelige klasse nie partykeer by studente in plaas van by dosente lê nie.

Ek sal ook toegee, daar is dosente wat nie uitgeknipt is om 'n dosent te wees nie. Dit is hierdie soort dosent wat sukkel om die studente se aandag te behou. Slim mense, maar hulle sukkel om hul vakkennis oor te dra.

Tog dink ek daar lê 'n verantwoordelikheid by studente om klasse by te woon. Dit is (hopelik) een van die redes waarom studente die Universiteit Stellenbosch bo UNISA kies. Behalwe nou vir die mooi ligging en al die ander lekker dinge van die Stellenbosse studenteleeu.

Dit is jou akademiese prestasie via klasbywoning, en nie die lekker dinge van die studenteleeu nie, wat jou 'n werk gaan gee.

'n Mens kom studeer mos nie in 'n rigting wat jy vervelig vind nie. Dit sou beteken dat jou beroep moontlik eendag vervelig gaan wees.

As jy opgewonde is oor jou vakke en om die inhoud daarvan te leer, behoort jy die dosent se verveligheid te kan weerstaan ten einde vir jouself 'n beter toekoms te verseker.

Dit kos immers 'n klein fortuin om verder te kan studeer. En dit is iets wat nie vir almal beskore is nie.

Dalk is dit tyd om te beseef om klas by te woon, vervelig nie, is 'n voorreg. 'n Voorreg wat vir jou 'n beter toekoms (en minder verleentheid op die puntestaat) sal skep.

BRIEWE LETTERS

Matie (dis)advantage

Studente is die hoofbron van inkomste vir die meeste besighede op Stellenbosch, en dit is reg so. Ons bestee enorme hoeveelhede geld en hou nooit regtig rekenskap van wat ons uitgee nie. Dit voel asof studente net nie genoeg omgee om enigiets te doen rakende die finansiële uitbuiting wat ons ervaar nie.

Die nuutste vorm van uitbuiting is die sogenaamde Matie Advantage Card. By registrasie word ons reusebesparings belowe. "Tot R700 af op jou handboeke," sê hulle vir my. Jy kan duisende rande spaar, teen net R350 'n jaar. Ek moes seker gewees het dit klink te goed om waar te wees. Hoe erg die situasie werklik is, sou ek eers later beseef.

Ek kry toe uiteindelik op 17 Februarie my Matie Advantage Card. Vol opwinding kyk ek na die wonderlike lys plekke waar ek as Matie nou my geld kan spaar: 'n Volle 50% af op vervoerkoste elke keer as ek gaan Shark Cage diving doen. (Ek doen dit mos elke naweek.) 'n Reuse 6% af op grootmaat houtaankope. (Ek koop mos graag vir die hele koshuis hout.) Ek slaan toe amper neer van ekstase toe ek lees dat ek 'n verniet bikini/onderarm-wax kry met elke full leg wax.

Van die R700 af op my handboeke, sien ek egter niks. Daar is 'n 10%-besparing op nie-akademiese boeke by Protea Boekwinkel. Dit is mos normaal om as student R700 se nie-akademiese boeke te koop.

Op hul webtuiste beweer hulle dat jy meer as R10 000 sal spaar as jy die kaart een keer in 2010 by elke betrokke winkel gebruik. Enige ander besigheid sal aangekla word vir sulke belaglik misleidende advertensie. Jy kan tog net soveel verniet voet-massages by Madeleen Health & Beauty gaan kry en net soveel keer Somerset-Wes toe ry om 10% afslag by die klerewinkel Crestiano te kry.

Daar is meer as 6 000 studente wat vir die Matie Advantage Card geregistreer het. Dit beteken dat hulle in totaal 'n bruto-inkomste van ongeveer R2 100 000 het. Ja, hulle maak wragtig R2.1 miljoen! Dit laat jou 'n bietjie wonder oor wie regtig hieruit voordeel trek.

— CURRENTLY DISADVANTAGED MATIE

Barking up the wrong tree

In response to Mr Woodstock's letter "Barking Back" (*Die Matie*, 31/03) I find that he has either not read my first response, or not understood it, so I will attempt to simplify my original argument for him: "Don't focus on the leafy, woody, barky bits of paper-making, rather focus on the machine-y, papyery production-y bits". I would like to make it clear that I do not condone the wanton use of paper, and the opinions I put forward were firstly to shift to a more eco-friendly form of paper production to accommodate our vast needs, and secondly to rectify a case of misguided good intention on the part of Mr Woodstock. This point made by Woodstock regarding the negative impact on the environment by the forestry industry, however, is being addressed as demonstrated by a quote from a research paper entitled "Plantation Forestry and Invasive Alien Plants: Seeking Solutions to the Mutual Benefit of the Environment" by Mondlane, Van Wilgen and Shuttleworth:

"The forest industry is committed to an environ-

mental code of conduct that includes the management of the spread of alien plants on their estates and beyond, and that seeks to minimise the negative impacts of their activities on the environment. Modern and more recent forestry developments have been carried out in a very responsible way. However, there is a backlog in older established areas that is going to require dedicated attention if the problem is to be solved."

The same paper also cites the continual collaboration between the Working for Water Programme and the forestry industry who are working together to the mutual benefit of all parties concerned. I acknowledge the fact that South Africa is a water-scarce country and we should all do our bit to protect it. However, the argument put forward by Mr Woodstock smacks more of eco-guilt than of eco-sincerity.

The point is, instead of compromising by using less of a product (that you're not using wastefully), rather find a more efficient and, though I loathe the term, "green" way of doing so.

PS: I did do ethics as part of my Philosophy first year module. I also passed it.

— J BESTER

Vrouekoshuise is die beste

Die brief "Behandel vrouestudente soos volwassenes" in (*Die Matie*, 31/03) verwys. Ek was nou vir drie jaar in die koshuis. Ek wil graag vir "Nie meer op hoërskool nie" die boodskap oordra dat sy nie haar kêrel, of vriend(e), sal verloor as gevolg van vrouekoshuise se beleid nie.

Dameskoshuise is een van die min plekke op Stellenbosch waar dames versekerde veiligheid kan ervaar. Daar is immers minstens 'n honderd ander dames wat ook in die koshuis is. Hoe gemaklik sal vriendinne in hul nagklere in die koshuis kan rondbeweeg of na die stort stap as elke Jan Rap en sy maat kan kom en gaan soos dit hulle pas?


As die manskoshuise vir jou meer aanloklik is, kuier dan tot in die vroeë oggendure daar. Andersins is Metanoia of 'n PSO ook 'n oplossing vir jou penarie.

Wees dankbaar vir wat jy het, koshuisdame. Geniet die simpelwees en vrouwees en koester die laat aande saam met jou vriendinne, waar julle hartsake kan deel en saam kan beplan vir jul lewens.

— BEVOORREGTE KOSHUISDAME

Briewe mag nie langer as 400 woorde wees nie en moet teen die Vrydag voor elke uitgawe aan briewe@diematie.sun.ac.za gestuur word. Skrywers se regte name moet alle briewe vergesel, selfs dié wat onder skuilname geplaas word. Geen handgeskrewe briewe sal geplaas word nie.

Letters should not be longer than 400 words and must be sent to briewe@diematie.sun.ac.za by the Friday before the next edition. Writers' real names must accompany all letters, even those published under a pseudonym. No hand-written letters will be published.



WHERE HAVE ALL THE STUDENTS GONE? Students are apparently not attending class watching rugby games that aren't Varsity Cup Finals or studying in the library. So where are they?

HOOFREDAKSIE

HOOFREDAKTEUR Annelize Kloppers (redakteur@diematie.sun.ac.za)
ADJUNKREDAKTEURS Marietjie Vos (inhoud@diematie.sun.ac.za), Roann Louw (grafika@diematie.sun.ac.za)
AKTUEEL Anika Marais (aktueel@diematie.sun.ac.za) **NUUS** Anthea Hartzenberg (nuus@diematie.sun.ac.za)
STUDENTELEWE Joey Volschenk (sl@diematie.sun.ac.za) **DAG EN NAG** Robert Kaden (dn@diematie.sun.ac.za)
TEKS Vakant (teks@diematie.sun.ac.za) **FOTO** Johann Swart (foto@diematie.sun.ac.za)
ADVERTENSIES Wilhelm Walser (ads@diematie.sun.ac.za)
REKENAAR Simon de la Rouviere (it@diematie.sun.ac.za)

MEDEWERKERS

KWYTRAAK Deonette Theart (kwytraak@diematie.sun.ac.za) **CARBON COPY** Ryan Hartley (carboncopy@diematie.sun.ac.za)
OP RAKA SE SPOOR Brigitte Botha (briewe@diematie.sun.ac.za) **SPOTPRENT** Vakant (spotprent@diematie.sun.ac.za) **ADDITIONELE GRAFIKA** www.sxc.hu **TEKS** Lizl Morden en Madelè du Plessis

STEL JY BELANG?

As jy as joernalis, taalversorger, grafiese ontwerper, advertensiewerwer, fotograaf of rekenaarassistent betrokke wil raak woon gerus 'n redaksievergadering by op die Woensdag waarop *Die Matie* verskyn. Ons vergader om 18:30 in ons kantoor op die eerste vloer van die Neelsie.

TEL 021 808 3539 **FAKS** 021 808 3538 **E-POS** diematie@diematie.sun.ac.za
POSADRES Langenhoven Studentesentrum, Privaatsak X1, Universiteit Stellenbosch, Matieland, 7602
WEBADRES www.sun.ac.za/diematie **OPLAAG** 8 000
VOLGENDE UITGAWE 28 April 2010 **SPERDATUM** 14 April 2010
ADVERTENSIES 084 357 8979

KLAGTEPROSEDURE EN FOUTRAPPORTERING

Indien enige leser 'n klagte het dat *Die Matie* nie op 'n ewewigtige, eerlike en objektiewe wyse rapporteer nie, of dink dat menings uitgespreek in *Die Matie* nie godsdienslike en kulturele sake met omsigtigheid hanteer nie, kan 'n klag by die SR-lid vir Media gelê word. *Die Matie* is onderhewig aan 'n gedragskode wat by die SR-lid vir Media beskikbaar is. Alle klagtes word deur 'n regsdosent ondersoek, waarna *Die Matie* voor die Mediaraad kan verskyn. Klagtes moet ingevolge die Mediareglement binne tien werksdae ná publikasie aanhangig gemaak word.

Die Matie subscribes to the South African Press Code that prescribes news that is truthful, accurate, fair and balanced. If we don't live up to the code, please contact the Press Ombudsman at 011 788 4837. You may also lodge an internal complaint or report factual errors by contacting the SRC member for Media and following the procedure explained on the left.



Perspektiewe & dinge

Why it's better to keep your mouth shut

CARBON COPY

Sometimes it's easy to make fun of things. Sometimes the stupid things people say and the ridiculous situations we are forced to live with can be put into an 800 word column and we can all have a bit of a giggle into our cups of coffee.

And then other times things are a little too upsetting to make fun of. Sometimes small-minded people insist on singing songs about murdering people because they're immature and heartless. Sigh. In my more cynical moments I wonder if perhaps the entirety of Julius Malema's political career isn't simply a plot by the ANC to make all the other ANC bigwigs seem like shining knights of sensibility. "O, Tokyo Sexwale," we'll say, "You are so sensible and smart and a snazzy dresser and you never sing songs about killing people and despite your utterly ridiculous name we would be ever so happy if you would lead us into the dawn of a glorious new era of rejoicing and dancing, but definitely not singing." For some reason I'd feel far more comfortable if our leaders turned out to be Machiavellian, power hungry puppet masters rather than bloodthirsty idiots. I think it's because I imagine they would at least be competent in getting things done.

Speaking of Machiavellian, power hungry puppet masters...

A long time ago, in an age long forgotten by man, a group of brave South Africans ventured out into the wide world with orders to make sure that we brought the World Cup to our soil. And so, dutifully, but with no small amount of trepidation, they ticked all the boxes on a little form asking just how much we would be willing to give up to get the World's Biggest Sports Tournament.

Now the time has finally arrived for us to pay the price for our Faustian deal with Sepp Blatter. FIFA has begun issuing mandates from on high, dangling the spectacle of The Greatest Sporting Event on the planet like the Sword of Damocles (a mythological sword known for its danglingness). FIFA has, among many other other things, decreed that the media will not be allowed to publish anything that might bring FIFA into disrepute. That's right, we can't say anything bad about FIFA. If we think a referee might be taking bribes we won't be able to say anything. Heck, if FIFA started trafficking in small children we wouldn't be allowed to say anything. Simply by writing this article I'm placing myself in danger of being hunted down by the Secret FIFA Police who'll take penalty kicks at my head. Writing under a pseudonym may give me some degree of anonymity, but since my real name is just over to the side under the letters complaining about the Taalbeleid and calling all Lydia girls fat, I don't think it will really be of much use. Our constitutional right to freedom of speech is just one more thing we gave up for the sake of the World Cup, like reasonably priced airline tickets and watching anything other than soccer on TV.

Over and above handing over our constitutional rights, FIFA has forbidden the sale of any non-FIFA-endorsed beverages in or around the stadiums, placed limits on the newspaper and video footage which may be used, enforced a half-mile exclusion on newspaper vendors around the stadiums for reasons I still can't figure out (to prevent unauthorised advertising? A dislike of crosswords?) and probably a dozen other ridiculous provisions which we can't hear about because of that ban on saying anything bad about FIFA. They could be coming to take all of our first-born and we'd never know.

Granted, this might seem an autocratic style of governance, but after the initial shock of being deprived of my free will, I think that I'm happy with these restrictions: as far as I'm concerned the loss of individual liberties is a small price to pay for securing the Greatest Sporting Event in the Galaxy Ever. I have never been one of those naysayers who refuse to believe that the World Cup will be better for this country than five Nelson Mandelas and won't squish the country into one big harmonious mass singing Shosolozala and definitely not that other song, just like we were during the 1995 Rugby World Cup. Granted we did win that one and granted this time around there might be a slightly smaller chance of us winning. Anything. (Okay, it's possible we might win a coin toss). But perhaps handing over the rule of our country to an International Sports Regulatory Body will be better in the long run. And perhaps focusing on something other than how our country seems intent on maintaining its racial divisions will make me feel a little better.

Hedendaagse lirieke en die gender-revolusie



OP RAKA SE SPOOR

Ek is 'n huiwerige kommentator, want ek kan netsowel die verweerder wees in die sake waarvoor ek as eiser optree. As die natuur of ingesteldheid van so 'n rubriek moet wees om mense te laat dink en redeneer oor kampsopptrede, neem ek gewillig deel aan hierdie gesprek. Hierdie rubriek is nie bestem om my verheve te stel bo ander nie; dit is eerder bestem om 'n spieël op te hou oor degenerasie, regenerasie en ander vorms van generasie.

Ek leef in 'n gemeenskap wat veronderstel is om ingelig te wees oor 'n breë wêreld siening. Met 'n vlymskerp Grondwet wat ons rig, stap ons uit skole en sit ons op universiteit waar ons aan die voorpunt trek van wat balans moet wys - 'n hoe graad van afgeronde menswees. Ons leer om nooit onderdrukkend oor geslagskwessies, sosio-politieke kwessies of goeie buurmanskap te wees nie. Sedert ek 'n volwaardige lid van hierdie kring geword het, is ek onder die indruk dat die balans versteur is - dat die voorreg van 'n opinie juis kan lei tot 'n skreiende wanbalans.

Ek wil op tendense se spoor gaan - die wêreld volgens my; die voetspore wat gelaat word deur my vriende en deur hül vriende.

Jack Parow soek "'n meisie wat wag as (hy) dronk uitstap by die bar..." en Britney Spears se

"livin' in sin is the new thing..." Ten spyte van sy beste pogings sukkel Akon "to find the words to describe this girl without being disrespectful. Damn girl!" en Usher se nuutste gunsteling-uitdrukking is "Oh my God" met verwysing na vroue. Keshia sing: "don't be a little bitch with your chit chat, just show me where your d***'s at".

Hoe rig dit ons denke; hoe indoktrineer dit ons doen en late? Woorde was nog nooit net woorde nie. Lirieke is veral dikwels 'n tipe volkslied wat die een of ander gedagtegang of lewenstyl propageer. Ons word al sedert die 1960's teen die Beatles se sogenaamde onderliggende anti-christboodskap gewaarsku. Intussen het ons egter 'n wêreldwye revolusie ondergaan in terme van die globale boodskap en word elkeen wat kan noot hou aangemoedig om sy boodskap oor te dra. Is vryheid van uitdrukking werklik "die antwoord"? Of het ons in 'n poging om balans te skep bloot die wiel laat draai? Die eintlike vraag: waar gaan hy stilstaan?

As vrou wonder ek oor die essensie van lirieke wat vroue ondergeskik stel aan mans en wat subliminaal bepaal hoe mense dink oor en reageer op die rolle van mans en vroue. Hoe ver is ons alledaagse werklikheid deesdae nog verwyder van dit wat ons studeer, ons sosiale leefwêreld en ons "onskuldige" saamsing op lirieke wat op subversiewe wyse eintlik dit versterk wat ons nie gedink het ons bedoel nie. Is dit onskuldig of wil ons in ons onderbewussyn eintlik ou idologieë en opvattinge versterk? Voel ons nie juis veiliger in dit wat ons eintlik as "bekend" ervaar nie? Dat

vroue gebruiksartikels is, ondergeskik aan pimps, mans wat vir hulle sorg (voorskryf) en beskerm (beheer) en afgesluit hou van ware emansipasie?

Ek het 'n vermoede dat ons lag oor lirieke, sosiale kommentaar en waarskynlike versterking van geslagsgerigte idioome wat rondom ons opduik. Ek en my vriendinne droom oor mooi mans met groot skouers en duur motors - daardie selfde persone saam met wie ons onderliggende boodskappe van zef rap songs en kontemporêre versies oor onself geniet. Versterking, of onderdrukking van die self? Die gender-revolusie is verby - of nie? Studente, manlik en vroulik, lag saam oor dieselfde retoriek, maar lag ons regtig oor dielselwe ding?

Dit alles gebeur onder die vaandel dat hierdie lirieke onskuldig is en dat ons almal eendag sterk genoeg sal wees om dit te ignoreer wanneer ons daarvan verwyderd raak. Is subliminaliteit nie juis so dat dit nou neskop en eendag, wanneer ons die wit linne rondom ons vou, só gevestig is dat dit te laat is om dit te keer nie?

Ek is steeds 'n huiwerige kommentator - ek bestudeer my eie gedagtes asof dit dié van iemand anders is. Wil ek vir myself 'n onderliggende booskap stuur sodat ek dit kan glo? Ek weet nie. Tog wil ek glo dat die blote taak van dit in woorde sit 'n teken is van hoe ek regtig daarvoor voel. *Do not kill the messenger*. Ek, 'n jong en ontwikkelende lid van die samelewing, sien, hoor, dink en voel - bogenoemde tendense is wat ek sien, hoor, dink en voel. Van die merk af? Miskien. Maar *something is rotten in the state of Denmark*.

Die skinder agter die nuus. Die waarheid agter kampus-politiek. Die kommentaar waarvoor almal bang is. Gorrel is nie verantwoordelik vir enige ongerief veroorsaak nie.

GORRELKOP

ONS AKADEMIE IS AWESOME - KYK ONS VLAE

GORREL weet nie lekker wat om te maak van die Nazi-styl baniere wat vandeeweek op die US se geboue gedrapeer is nie. Kompleet met propaganda dat ons moet "glo" dat die wêreld binnekort gaan verander.

Gorrel wonder watter vorm hierdie verandering gaan aaneem. Watter winde van verandering gaan hierdie vlage laat wapper? Die atoombom is immers 'n goeie voorbeeld van die wetenskap wat die wêreld kan verander (aldus een van Gorrel se maatjies).

- Dalk moet daar meer gefokus word op die verskil wat mense kan maak. Gorrel stel voor dat spieëls op alle geboue aangebring word.

ALL WE HEAR IS RADIO GAGGA

GORREL hou van slaap. Alleen slaap, met ander slaap, in die klas slaap... *You name it*. Dus gaan die waakaksie in die Neelsie Gorrel se verstand te bowe.

'n Omroeper gaan byna vier dae wakker bly sonder om die Neelsie te verlaat. (Omroepers klink vir Gorrel maar nog altyd 'n bietjie deur die slaap.)

Gorrel verstaan dit is vir liefdadigheid. Maar wat vir omgee vir die studente in die Neelsie? Wat van higiëne?

- Gorrel dink steeds omroepers behoort gehoor en nie gesien te word nie. En veral nie geruik te word nie.

BA (MANS-UITGRAWE)

GORREL verneem met vreugde van 'n merkwaardige wetenskaplike vonds wat onlangs by 'n ander universiteit bekendgemaak is. Hierdie vonds verteenwoordig blykbaar Gorrel se oer-oer-oer-oer-oer-oer-oer-oupa (met 'n wetenskaplike naam wat g'n wel-aangepaste mens behoorlik kan uitspreek nie).

Gorrel wonder oor die rol van akademiese opleiding in die vonds - die projekteier se 9-jarige seun het immers die eerste beendere ontdek.

- Dalk is dit tog die oplossing vir Gorrel se maatjies wat nie as akademici sukses gaan behaal nie. *If you can't do, do someone and procreate... Your kid just might strike it lucky.*

kampusquotes

Howard? Like the university?

- Sober female student after asking a parking guard's name

Praat net oor 'n toets of seks en die klas word stil.

- Nederlandse professor verduidelik klasdinamika

Wie stuur nou vir jou 'n please call me op jou verjaardag?

- BA-student kla oor vriende se studentebe-grotings

Hey, it's Matt Damon!

- Overheard when Francois Pienaar went to shake the players' hands at the Varsity Cup Final

Ek wil nie jou notas he nie. Dis te volledig.

- Buite die SS gehoor

The revolution will be led by the likes of you, me ... and the bergies.

- Philosophy lecturer explains the principles of neo-Marxist revolution-aries

What the fakulteit?!

- Student's reaction to posters draped from faculty buildings

I do believe there is intelligent life out there, and I'd like to hear from it from time to time.

- English lecturer sound-ing rather despondent about a lack of class participation

Ek wou nie hê mense moet hier staan en speeches maak oor hoe awesome ek is nie. Ek wil dit self doen.

- Eendragter tydens sy toespraak op sy 21ste verjaardagpartytjie

That's so unethical! I'm going to do it...

- Student's reaction to a less-than-kosher suggestion

Stuur jou KampusQuotes na quotes@diematie.sun.ac.za

No Fear

Quote van die week

Like this great, morbid lasagne of DEATH...

- History lecturer explaining structure of mass graves


www.nubar.co.za

A CHAMPION TEAM DESERVES A CHAMPION BEER

CONGRATULATIONS TO **CHEAN ROUX AND HIS TEAM** FOR BRINGING HOME **THE VARSITY CUP** FOR THE THIRD CONSECUTIVE YEAR. AS AN **AWARD WINNING TEAM**, YOU DESERVE SOUTH AFRICA'S MOST AWARDED BEER. **BOTTOMS UP BOYTJIES.**



VISIT WWW.VARSITYCUP.CO.ZA/CARLINGBLACKLABEL FOR MORE INFORMATION.



REAL SUPPORT. REAL MEN. REAL BEER.

Enjoy Responsibly. Not for Sale to Persons Under the Age of 18.

Maties oorwin twee keer

PIET LATEGAN

DIE FNB Maties het blitsvinnig in die WP-liga weggespring met oorwinnings oor beide Victoriane en Villagers.

Verlede Woensdagaand is die liga met 'n welverdiende oorwinning van 36-28 oor Victoriane afgeskop.

Maties het dit met 'n oorwinning van 31-8 oor Villagers opgevolg. Die slag was al teen rustyd gelewer met Maties wat 19-3 voorgeloop het.

Die Maroentruie het nie met volle oorgawe gespeel nie, maar was nogtans teels te sterk vir hul opponente. Ná vyf minute se spel het die skrumskakel, Johan Herbst, vlymskerp gebreek en oorgeval vir 'n vyfpunter. Die losskakel André Kemp was in die kol met die doelskop en Maties het tien minute later weer toegeslaan met die haker Arno White wat met brute krag

oor die doellyn gebeur het ná goeie samespel tussen die voorspelers. Die linkervleuel Rohan Steyl het net voor rustyd in die hoek afgerond ná goeie hantering deur die agterspelers en Kemp se moeilike doelskop was ook suiwer.

In die tweede helfte het Villagers alles uitgehaal om die uitslag te verander, maar het hulle vasgeloop teen hardnekkige verdediging deur Maties. Herbst het deurgenaal vir sy tweede drie en in beseringstyd het die plaasvervanger-slot, Reniel Hugo, ook afgerond ná goeie hantering en samespel. Die agsteman Bennie Booysen was kliphard en die heelagter Jonathan Francke was deurentyd gevaarlik.

Ná die sukses in die Varsitybeker is agt spelers opgeroep vir diens in die SA o.20-span en is 'n volle 19 spelers by die WP betrokke tydens die Vodacom-beker.



AMPER DAAR Adrian Penhorn van Villagers hardloop Saterdag met die bal terwyl Johan Herbst van Maties hom probeer keer. Maties het 'n oorwinning van 31-8 oor Villagers behaal.

Foto: JOHANN SWART

2010 SOKKERWÊRELD BEKER

Uitdugroeppe, Franse kampioene egter 'n groot uitdaging vir gunstelingspanne

Brasilië, Spanje vol hoop vir Wêreldbeker

ELRI NIEUWENHUIS

In die vorige uitgawe is daar kritiek na die Engelse sokkerspan gekyk, en veral na hul kans op sukses in die Wêreldbeker en moontlike probleme wat daar in die aanloop tot die toernooi kan opduik. Soos in die laaste uitgawe genoem is, was Beckham se skielike besering 'n geweldige terugslag vir hierdie span wat in Junie sal poog om hul name in ere te herstel ná 'n teleurstellende vertoning by die 2006-Wêreldbeker.

Engeland is egter nie die enigste span wat sal poog om op hul vorige Wêreldbekerpoeging te verbeter nie. Ná so 'n profiel sal dit slegs regverdig wees om ook vlugtig te kyk na ander hoë-profiel spanne wat hul visier op daardie goue trofee gestel het. Volgens www.fifa.com is Spanje en Brasilië tans onderskeidelik eerste en tweede op die wêreldranglys.

Brasilië is waarskynlik die span met die mees indrukke wêreldbeker-geskiedenis aangesien hulle reeds vyf keer in die geskiedenis van die toernooi die beker omhoog kon hou. Dit is ook nou buiten die drie ander kere wat hulle in die finale

was maar nie gewen het nie. En in 'n land waar sokker as 'n tweede geloof gesien word, kan dit seker ook nie anders nie. 'n Voorbeeld van uitstaande Brasiliaanse sokker-vermoëns is ook op eie bodem te sien aangesien Suid-Afrika met 'n Brasiliaanse afrigter spog.

Alhoewel die manne in groen en geel in 2002 laas die Wêreldbeker gewen het en in 2006 in die kwart-eindronde reeds deur Frankryk (wat tot die finale gevorder het) uitgeskakel is, is die spelers en ondersteuners baie positief. In 'n onderhoud met Kaká het dié Brasiliaanse voorspeler gesê dat hierdie jaar se span goed vergelyk met 2006 s'n.

"Ons het nou baie jonger spelers met baie om te bewys." Volgens hom het die 2006-span baie groot oorwinnings agter hul naam gehad maar hy sê hulle "was aan die einde van 'n era". Tog erken hy dat dit vir hulle 'n groot uitdaging sal wees om die toernooi in so 'n sterk groep te begin.

Brasilië is ingedeel in wat deur 'n mede-speler as 'n "group of death" beskryf is: saam met Portugal (wat in 2006 vir Engeland ore aangesit het), Korea en die Ivoorkus. Tog het Kaká hierdie indeling ook in 'n positiewe lig gesien en gesê dat

dit bloot sal dien as motivering aangesien dit sal beteken dat elke speler van die begin af sy beste sal moet lewer.

Indien Brasilië as oorwinnaars uit hierdie groep tree, sal hulle te staan kom teen die wenners van Groep H, wat bestaan uit Spanje, Switserland, Chile en Honduras. Die gunstel-

Brasilië is ingedeel in wat deur 'n [speler] as 'n "group of death" beskryf is

inge om uit dié groep uit te tree is waarskynlik Spanje. Hulle is ook volgens sokker-kenners een van die gunsteling om na die finale deur te dring ná 'n goeie algehele vertoning in die kwalifiserende wedstryde waar hulle onoorwon was. Tog is die Spanjaarde in 2006 reeds in die tweede rondte uitgeskakel – ook deur die Franse. Dit is egter ironies aangesien Frankryk tans agtste op die wêreldranglys lê.

Dit wil voorkom asof daar in Spanje tans eerder op plaaslike

klubsokker gefokus word voordat daar aan die internasionale arena gedink word. Dit is egter verstaanbaar, aangesien bekende name soos Cristiano Ronaldo, Lionel Messi en Fernando Torres baie aandag en publisiteit aan die land en sy sokkerklubs besorg. Daar word natuurlik ook groot bedrae geld aan hierdie toernooie gekoppel. Ronaldo is onlangs uitgewys as die hoogs-betaalde sokkerspeler met die £10 miljoen per jaar wat Real Madrid hom tans betaal.

Met sulke groot bedrae geld en opgelaaide spanning is dit geen wonder dat die Premier-Liga in party Europese lande nou voorkeur geniet bo die opkomende Wêreldbeker nie. Dan is daar natuurlik ook die afwagting wat geskep word deur die moontlikheid dat hierdie top-spelers nou ernstige beserings kan opdoen, soos in Engeland se geval, sô kort voordat hulle hul eie lande by die Wêreldbeker moet verteenwoordig.

Lionel Messi van Argentinië word tans as die grootste gevaar vir enige van sy opponente gesien en speel in die Spaanse Premier-Liga vir Barcelona FC, een van die gunsteling om die titel te verower. Alhoewel hy nou saam met die Spanjaarde in

'n span speel, verwag sy eie land ook groot dinge van hom wanneer hy in Junie ook téén die Spanjaarde te staan kom.

Spanje het ook vir die Wêreldbeker groot name om mee te spog, soos Raul Blanco en David Villa. Hulle het verder die voordeel van 'n minder mededingende poel en die groot moontlikheid dat hulle as oorwinnaars uit daardie poel kan tree. Ná die groep-fase is hul kans om na die finale deur te dring egter steeds 'n dobbelspel, soos met al die ander hoopvolle spanne.

Brasilië sal die toernooi egter meer stap-vir-stap moet aanpak en eerstens daarop moet fokus om verby die eerste fase te kom. Alhoewel Suid-Amerika, wat die groepe aantref, voor 'n groot uitdaging te staan kom, moet hierdie gesegde egter altyd onthou word: "Die Engelse het sokker ontdek, maar die Brasiliaanse het dit vervolmaak".

Bronne: www.fifa.com; www.soccer-spain.com

FIFA
WORLD CUP

Students run Two Oceans

MIA SMIT

A FEW SU students took part in the Old Mutual Two Oceans ultra marathon and half marathon on Saturday 3 April. The race started in Newlands in Cape Town and finished between the University of Cape Town's upper and middle campus.

Around 9 000 people took part in the ultra marathon of 56km and 12 000 people took part in the half marathon, which is 21,1km long.

Seven students from Eendrag Residence took part in the half marathon. Craig Hurdall, prim: Eendrag, took on his usual role by leading the group and finishing first in the group. He finished with a time of 1h35min53s. He just missed the cut-off time for the silver medal, which is 1h30min. He says that this only inspired him to train harder next year. Hurdall said, "This was my first half marathon: it was a great experi-

ence! I didn't really know what to expect because I'd never done the route or a half marathon before, but the scenery was breathtaking and support from the public was awesome!"

Other Eendrag students who took part were Herlo Visagie, Pieter Conradie, De Waal Eksteen, Marnus van Wyk, Ryan Campbell-Harris and Christiaan Strydom. It was the first Old Mutual Two Oceans marathon that Gilbert Punt took part in and he finished it in a time of 1h46min.

To put matters into perspective, it is important to know that Mabhutile Lebpo from Lesotho won the men's ultra marathon with a time of 3h6m18s. Russian Olesya Nurgalieva finished the women's ultra marathon in 3h41min53s.

South African Lusapho April finished the the men's half marathon in 1h3m54s. Another South African one can be proud of is Rene Kalmer. She finished the women's half marathon in 1h12min39s.



Be part of no new
HIV infections on campus



peer 2 peer
education

Apply now at:

www.sun.ac.za/hiv

Krieket aan einde van seisoen

PIET LATEGAN

NÁ DIE Maties-krieketspan se sprankelende seisoen verlede jaar, het hulle in 2010 die wind van voor gekry. Natuurlike elemente soos reën en verswakke spanne as gevolg van spelers wat opgeroep word vir hoër diens, het veroorsaak dat hul doelstellings beïnvloed is.

Maties het tweede gekom in die Boland Superliga nadat hulle verlede jaar hierdie liga gewen het. Dit was grootliks a.g.v. die feit dat hulle teen die uiteindelijke wenners, Brackenfell, verloor het. Die Pro 20-liga was 'n perd van 'n ander kleur met Maties wat ongelukkig nie na die finaal deurgedring het nie.

In hierdie toernooi is die spanne in vier groepe ingedeel. Maties het al hul wedstryde met goeie krieket gewen en moes in die semi-finaal teen die winner van Groep Een, Vredenburg-Saldanha, te staan kom. Die wedstryd kon egter as gevolg van ongunstige weer nie plaasvind nie. Die kompetisie-reëls het bepaal dat die spanne met die meeste bonuspunte in hul groepwedstryde na die finaal sou deurdring.

Vredenburg-Saldanha het in hul groep verspot maklike teenstand gehad en het een bonuspunt meer as Maties behaal en dit het bepaal dat Maties op grond van 'n tegniese punt nie vir die finaal kon kwalifiseer nie.

Die finaal vind nou tussen Vredenburg-Saldanha en Paarl-Oos plaas. Maties kan egter met reg baie teleurgesteld wees, aangesien hulle vir Paarl-Oos in die Superliga pak gegee het.

Maties se buurman, Victoriane, het ongelukkig ook nie vir die semi-finale gekwalifiseer nie. Hulle het naelskraap teen Brackenfell verloor en hul kans op glorie was dus ook daarmee heen. Oscar Nauhaus het goeie kolfwerk getoon wat 'n uitmuntende honderdtal ingesluit het. Volgens Maties Krieket-voorsitter André du Toit is die Maties teleurgesteld, maar nie hopeloos nie. Daar kan volgende seisoen voortgebou word op goeie werk wat die afgelope twee seisoene verrig is.



VUILSPEL Erik Kleinhans en ander lede van die Maties Fietsryspan het in die ABSA Cape Epic-fietsroer gepresteer.

Foto: SVEN MARTIN

Uitmergelende ABSA Cape Epic-resies gelukkig nie té groot uitdaging

Maties neem aan epiese toer deel

ELRI NIEUWENHUIS EN MIA SMIT

Drie lede van Maties Fietsry het aan die Absa Cape Epic-fietsroer deelgeneem. Erik Kleinhans, Chris Wolhuter en CM Muller het van 21 tot 27 Maart aan hierdie bekende toer, wat uit agt skofte bestaan en 722km lank is, deelgeneem. Wolhuter en Muller is albei studente aan die universiteit en alhoewel Erik nie meer studeer nie, is hy steeds voorsitter van Maties fietsry.

Die Cape Epic, waar fietsryers in spanne van twee deelneem, se roete verskil elke jaar. Hierdie jaar se toer se wegspringplek was Diemersfontein-wynlandgoed in Wellington. Van hier het fietsryers gery deur Bainskloofpas, wat geken word vir sy vele klein draaie wat selfs vir motoriste 'n uitdaging is. Hier sou die steil bulte 'n bykomende uitdaging aan fietsryers bied. Volgens Muller, wat tans met sy meesters is Marine-

genetika besig is, was die eerste dag veral frusterend aangesien 7km van die roete op 'n reïnspoor afgelê moes word.

Tog, sê hy, sou die meeste fietsryers sulke terreine verwag het aangesien die Cape Epic bekend is vir grond- en bergpaaie en ander moeilike oppervlakte. Dit is juis as gevolg hiervan dat die Cape Epic nie met resies soos die Cape Argus-fietsroer vergelyk kan word nie, aangesien die Cape Argus op teerpaai afgelê word. Die fietsryers het vir drie dae in die Ceresvallei vertoef en is daar uitgedaag deur onder meer die Michell's-pas en die nuwe kloofpas. Hierdie area met die baie klipperige en sanderige paaie is al voorheen as 'n bergfietsryer se paradys beskryf. Dit is waarskyn-

lik oor hierdie rede dat die organiseerders besluit het om die roete in Ceres 'n draai te laat maak voordat die deelnemers verder gegaan het om die agterpaaie van die Worcester-omgewing te verken.

Volgens Muller, wat al vir ses jaar kompetierend fietsry, vorm so 'n resies slegs 'n basis vir die res van die seisoen in plaas van 'n enkele geleentheid waarvoor daar geoefen moet word: "As jy voltydys fietsry, soos ek en Erik (Kleinhans), dan maak jy wel klein verstellings aan jou resiesprogram om meer spesifiek vir die Cape Epic goeie vorm te kan hê".

Muller het ten spyte van die feit dat sy spanmaat op die eerste dag sy gewrig gebreek het en hy dus die roete alleen moes voltooi, algeheel 29ste geëindig.

Wolhuter, wat ook reeds ses jaar fietsry maar eintlik per toeval die geleentheid gekry het om aan die Epic deel te neem, het saam met sy spanmaat algeheel 36ste geëindig. Hy sê hy is baie tevrede met hierdie posisie aangesien hy en sy spanmaat mekaar eers die dag voor die begin van die wedren ontmoet het en ook eers mekaar se sterk- en swakpunte moes leer ken.

Die omringende natuurskoon het darem afleiding van die seer spiere gebed. "Die Ceres-omgewing is regtig mooi: daar was tye wat ons bo-op 'n berg of heuwel gekom het en oor die vallei kon uitkyk," het Wolhuter gesê. Hy erken tog dat dit moeilik was om op die natuurskoon te fokus: "Die grondpaaie was baie sanderig en dit plaas baie spanning op die bo-lyf."

Volgens Wolhuter was daar na die eerste drie dae van hierdie jaar se toer meer fietsryers wat onttrek het as wat daar verlede jaar algeheel onttrek het.

Hierdie area met die baie klipperige and sanderige paaie is al voorheen as 'n bergfietsryer se paradys beskryf.



Steinhoff Koshuiswedstrydbepalings 2010 (Eersteliga)

16 April	Steinhoff Helshoogte	vs.	Steinhoff Helderberg
16 April	Steinhoff Simonsberg	vs.	Steinhoff Majuba
16 April	Steinhoff Dagbreek	vs.	Steinhoff Eisenburg
16 April	Steinhoff Eendrag	vs.	Steinhoff Huis Marais
16 April	Steinhoff PSO Barbarians	vs.	Steinhoff Kolonieshof
16 April	Steinhoff Medies	vs.	Steinhoff Wilgenhof
23 April	Steinhoff Helshoogte	vs.	Steinhoff Medies
23 April	Steinhoff Simonsberg	vs.	Steinhoff Huis Marais
23 April	Steinhoff Dagbreek	vs.	Steinhoff Kolonieshof
23 April	Steinhoff Eendrag	vs.	Steinhoff PSO Barbarians
23 April	Steinhoff Eisenburg	vs.	Steinhoff Wilgenhof
23 April	Steinhoff Majuba	vs.	Steinhoff Helderberg

FIRST NATIONAL BANK MATIES FIRST TEAM

FNB MATIES

7 April 2010

FNB Maties vs
Steinhoff Victoriane
36 - 28

10 April 2010

FNB Maties vs Villager 1
31 - 8